# SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION
## *SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN*

**FEBRUARY / *FEBRUARIE***
**MARCH / *MAART***

**2005**

**AFRIKAANS**
**PRIMÊRE TAAL**

**(Tweede Vraestel: Letterkunde)**

SG **101-2/2**

**21 bladsye**

AFRIKAANS EERSTE/PRIMERE TAAL SG: Vraestel 2

101 2 2 SG

X05

COPYRIGHT RESERVED / *KOPIEREG VOORBEHOU*
APPROVED BY UMALUSI / *GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI*

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL SG**
**(Tweede Vraestel: Letterkunde)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 75**

---

**INSTRUKSIES:**

Lees asseblief noukeurig deur die volgende instruksies voordat jy begin skryf.

- Moenie probeer om deur die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWE en merk die vrae wat van toepassing is op die voorgeskrewe werke wat jy bestudeer het.
- Jy moet VIER vrae in totaal beantwoord.
- Gebruik die puntetoekenning as aanduiding van die verwagte lengte op kontekstuele vrae.
- Spasieer asseblief die kontekstuele vrae deur in die middel van die bladsy te nommer.
- Nommer jou antwoorde in ooreenstemming met die vraagnommers.
- Netjies en geordende werk sal in jou guns tel.

---

**INHOUDSOPGAWE:**

Jy moet 'n totaal van VIER vrae vir 75 punte beantwoord.

- 2 gedigte (Vraag 1 OF Vraag 2, Vraag 3 OF Vraag 4)
- 1 dramavraag
- 1 prosavraag

**AFDELING A**
**POËSIE**


Vraag 1 : Busrit in die aand (Elisabeth Eybers) 12 punte

**of**

Vraag 2 : Met 'n bossie bergblomme (Breyten Breytenbach) 12 punte

**EN**

Vraag 3 : Treursang vir Van der Merwe (Uys Krige) 13 punte

**of**

Vraag 4 : Musiek (Ernst van Heerden) 13 punte

**TOTAAL VIR AFDELING A (1x 13) + (1 x 12) 25 punte**

## AFDELING B
### *Die Keiser* – Barto Smit

- Beantwoord Vraag 5 (kontekstuele vrae) of Vraag 6 (paragraaftipe vrae). Indien jy in hierdie afdeling die kontekstuele vrae (Vraag 5) doen, **MOET** jy die langer tipe opdrag in AFDELING C doen.
- Hierdie afdeling tel 25 punte.

Vraag 5 (Kontekstuele Vrae) 25 punte

**of**

Vraag 6 (Paragraafvraag) 25 punte

**TOTAAL VIR AFDELING B: [25]**

## AFDELING C
### ROMAN

- Beantwoord EEN vraag uit hierdie afdeling.
- Indien jy in Afdeling B die kontekstuele vrae (Vraag 5) gedoen het, **MOET** jy die langer tipe opdrag in AFDELING C doen en andersom. Indien jy nie hierdie voorwaarde nakom nie, sal jy GEEN punte vir Afdeling C verdien nie.
- Dit is verder ook belangrik om die vraag te kies wat van toepassing is op die betrokke roman wat jy behandel het.

**Kontekstuele vrae**:

| | | |
|---|---|---|
| Vraag 7 | ***Kringe in 'n Bos*** (Dalene Matthee) | 25 punte |
| Vraag 8 | ***Fiela se Kind*** (Dalene Matthee) | 25 punte |
| Vraag 9 | ***By Fakkellig*** (Karel Schoeman) | 25 punte |
| Vraag 10 | ***Toorberg*** (Etienne van Heerden) | 25 punte |

**of**

**Paragraaftipe Vrae:**

| | | |
|---|---|---|
| Vraag 11 | ***Kringe in 'n Bos*** (Dalene Matthee) | 25 punte |
| Vraag 12 | ***Fiela se Kind*** (Dalene Matthee) | 25 punte |
| Vraag 13 | ***By Fakkellig*** (Karel Schoeman) | 25 punte |
| Vraag 14 | ***Toorberg*** (Etienne van Heerden) | 25 punte |

**TOTAAL VIR AFDELING C: [25]**

**TOTAAL VRAESTEL: [75]**

**KONTROLEER ASSEBLIEF:**

Jy moet 'n totaal van VIER vrae vir 75 punte beantwoord.

- 2 gedigte
- 1 dramavraag
- 1 prosavraag

EEN stel kontekstuele en EEN stel paragraaftipe vrae uit Afdelings B en C.

## AFDELING A

### VRAAG 1

**BUSRIT IN DIE AAND (ELISABETH EYBERS)**

Elk langs sy yl weerkaatsing in die ruit
sit hulle suf, met monde moeg gesluit,
die werkers van die stad wat huis toe gaan.

Skaduwee-skimme gly verby. . . Dis laat
en lang ligvaandels wapper oor die straat
soos oor 'n dam die blinkpad na die maan.

Ons ploeg deur stormsee met ons kaperskuit:
die stuurman aan die wiel, die passasiers die buit
wat ons as slawe huis toe bring vanaand. . .

Die vaartuig waggel afdraand, om die draai,
met skril gekners en skommelende swaai,
en hyg en skok en snork en swoeg opdraand

terwyl ons, soos twee kinders opgetoë,
mekaar toelag met glinsterende oë. . .
Asof hul jammerlik hul lot kan raai

sit hulle suf, met monde moeg gesluit,
elk langs sy yl weerkaatsing in die ruit,
die werkers van die stad wat huis toe gaan.

(*Die Stil Avontuur* – Perskor)

1.1 'n Busrit in die aand sou nogal volmaak en romanties kon wees. Skryf TWEE woorde in r. 2 neer wat die teendeel bewys. (2)

1.2 Waarop dui die **wapperende ligvaandels** (r. 5) heel moontlik? (1)

1.3 Die werkers word in strofe DRIE as slawe beskou. Waarvan is hulle slawe? (1)

1.4 Die stadwerkers is uitgeput, so ook die bus. Skryf TWEE woorde in strofe 4 neer wat die bus se **moegheid** aandui. (2)

1.5 In watter opsig ( m.b.t. die skryfwyse) verskil strofe 1 van die slotstrofe? (1)

1.6 Gee 'n voorbeeld van personifikasie uit die gedig en bespreek die funksie daarvan. (2)

1.7 Die **ons** het mekaar, maar die werkers moet tevrede wees met hulle ____________ in die ruit. (Voltooi). (1)

1.8 Identifiseer jy met die TWEE verliefdes of met die werkers? Motiveer jou antwoord. (2)
**[12]**

**OF**

## VRAAG 2

**MET 'N BOSSIE BERGBLOMME (Breyten Breytenbach)**

nederige blomme van 'n vreemde berg
vir jou verjaarsdag
sodat jy berghelder kan lag
en jou hande kan klap by die venster

pers blomme - die angeliere van dwerge -
om ons huis se skaduwees te terg,
skurwe klein kelkies van kyk
wat die wind en die vog in hul dra

hulle brand net vir jou
want jy is mos jarig,
hulle geur net vir jou
hulle berge soet geur

*oeilets du poéte*: klein oë van die digter,
en as jy lank genoeg daarín kan kyk
sal hulle nog dieper en vuriger blom, verryk
tot die vlerke waarmee jy óór die skaduwees gaan vlieg
na die vreemde berge deur die venster

**(*Die huis van die dowe* – Human en Rousseau)**

2.1 Gee TWEE redes waarom die spreker vir die jou / jy 'n bossie bergblomme gee. Konsentreer op r. 2 en 3. (2)

2.2 Watter woord in reël 11 sinspeel daarop dat die **jy** uitsonderlik (spesiaal) is? (1)

2.3 Watter woord in reël 12 suggereer dat hierdie blomme baie soet / aangenaam ruik? (1)

2.4 **Nederige blomme** (r. 1) kontrasteer met duur ruikers wat by 'n bloemiste te koop aangebied word. Sou jy ook sulke doodgewone blomme vir jou geliefde gegee het? Motiveer jou standpunt. (2)

2.5 Dit is onmoontlik om **berghelder** (r. 3) te kan lag. Gee die korrekte intensiewe vorm vir **helder** wat eintlik hier moes staan. (1)

2.6 Die bossie bergblomme verander na **oë** (r. 7) en in reël 9 brand hierdie oë. Na wie se oë dink jy verwys die spreker hier? Gebruik r. 13 as leidraad. (1)

2.7 Watter voegwoord sou ewe goed gepas het in die plek van die komma in reël 15? (1)

2.8 Waarvoor staan **skaduwees** (r. 16) heel waarskynlik? (1)

2.9 In r. 4 is daar 'n voorbeeld van halfrym (alliterasie). Dui aan watter klanke betrokke is en sê wat die funksie van die halfrym is. (2)
**[12]**

**EN**

**VRAAG 3**

***TREURSANG VIR VAN DER MERWE*** - Uys Krige
*(met die nuusberig, by die ontbyttafel, van 'n onbekende se dood)*

Ek merk
mnr. Honor Sint Marnix van der Merwe
het voorverlede awend in die kerk
gestik, gestuiptrek en skielik toe gesterwe.
Die krantberig se taalgebruik is ietwat stroef-verhewe:
in die tempel van God gisteraand presies om kwart-oor-sewe
het hy die Ewigheid aanvaar in ruil vir hierdie tranedal, die
beslommernisse van hierdie lewe.

Ek hoop
sy familiebetrekkinge gedra hulle, is nie so gemeen
om reeds te stribbel oor wie sy kis sal koop,
en dat sy weduwee 'n tyd lank eerbiediglik sal ween;
dat om sy graf sal dring 'n bonte skare
om hom vaarwel te roep, hy so oud, so sat van jare, maar wat
die Dood betref, so jonk, so onervare:
vriende en maats en kennisse, sy vyande en selfs sy skuldenare.

Ek meen
hy het 'n goeie slag geslaan: hy's ryk, hy het geërf
die lang, lang Nag oneindig om hom heen.
Vrede en rus en stilte, oplaas verlossing van sy naam het hy
verwerf.
Wie het ooit gedink dat hy doodgewoon moes sterwe
om die Nameloosheid van al sy voorouers, die Groot Vergetelheid
te erwe,

*Wyle mnr. Honor Sint Marnix van der Merwe?*

**(*Keur van sy gedigte* – Van Schaik)**

3.1 Die spreker berig oor 'n Van der Merwe se dood. Waar het hy van sy dood te hore gekom? (1)

3.2 Watter spottende suggestie is opgesluit in die naam **Marnix** (r. 2)? (1)

b.o.

3.3 Hierdie gedig word in DRIE fases of dele verdeel. Dui die begin van elke fase/deel aan deur die betrokke beginwoorde telkens neer te skryf. (3)

3.4 Dit gaan hier nie werklik oor Van der Merwe se dood nie, maar oor die universele mens. Waarom is die verwysing na die oorledene as 'n Van der Merwe so funksioneel? (1)

3.5 In r. 4 is daar 'n klank wat opvallend herhaal word om die oorledene se sterfmoment uit te beeld. Watter woorddeel word hier herhaal? (1)

3.6 Dui die progressie (ontwikkeling) in r. 4 aan. (3)

3.7 Wanneer 'n mens te sterwe kom, erf die familie jou besittings, maar in hierdie gedig erf die gestorwene. Wat erf hy? (1)

3.8 Haal 'n gedeelte uit r. 18 aan wat daarop dui dat die dood hier as saketransaksie gesien word. (2)

**[13]**

**OF**

**VRAAG 4**

**MUSIEK (Ernst van Heerden)**

Aan hierdie hart se tenger kelk
het U getik en fyn
uitdeinend sing die glas
sy melodie van pyn.

U lê 'n vinger op die rand
wat skrynend, weerloos tril,
en skielik word my hart
se fyne smartsang stil.

**(*Die Reisiger* – Human en Rousseau)**

4.1 Musiek skep altyd 'n stemming (toonaard). Watter stemming word in r. 8 geskep? (1)

4.2 Die betekenis van die rymwoorde in reël 6 en 8 kontrasteer met mekaar. Waarin lê hierdie kontras? (2)

4.3 Watter woord in reël 1 suggereer dat **hierdie hart** kwesbaar / breekbaar is? (1)

4.4 Waarom word **U** (r. 2) met 'n hoofletter geskryf? (1)

4.5 Hierdie gedig bestaan uit twee gelyke helftes. Wat noem 'n mens 'n strofe wat uit vier versreëls bestaan? (1)

4.6 Waarmee word die **hart** (r. 1) vergelyk? (1)

4.7 Wie se hart is **hierdie hart** (r. 1)? (1)

4.8 Skryf EEN woord in r. 8 neer wat min of meer dieselfde beteken as **melodie van pyn** (r. 4). (1)

4.9 Skryf TWEE opeenvolgende woorde in r. 1 neer waaruit afgelei kan word dat die spreker homself direk by die gebeure betrek. (2)

4.10 Na watter **rand** word in r. 5 verwys? (1)

4.11 Gee 'n voorbeeld uit die gedig waar 'n lewelose voorwerp menslike eienskappe kry. (1)
**[13]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [25]**

## AFDELING B
## DRAMA

***DIE KEISER*** – Bartho Smit

- In hierdie afdeling moet jy EEN vraag beantwoord.
- Jy het 'n keuse tussen Vraag 5 (kontekstuele vrae) en Vraag 6 (paragraaftipe vrae). Indien jy in hierdie afdeling die kontekstuele vrae beantwoord, **moet** jy die paragraaftipe vrae in Afdeling C (roman) beantwoord.
- Hierdie afdeling tel 25 punte.

### VRAAG 5

Bestudeer die volgende teksgedeelte uit die drama en beantwoord die vrae wat volg:

| | | |
|---|---|---|
| KEISER | : | Nar. . . |
| HOFNAR | : | Hier's ek, my Kroon! Hier's ek! |
| KEISER | : | (*sit met die Nar se hulp regop*) Hoe laat is dit? |
| HOFNAR | : | Amper middag, my Kroon. |
| KEISER | : | Wat?! Vir wat het jy my nie wakker gemaak nie? Dis amper tyd vir die optog. |
| HOFNAR | : | (*begrypeloos*): My Kroon. . . ? |
| KEISER | : | (*staan met die Nar se hulp op, sien die ander, glimlag*): O, ek sien – julle is darem almal al hier. . . |
| DIPLOMAAT | : | (*fluister geskok*): Hy's van sy kop af. |
| KEISERIN | : | (*verbysterd*); Majesteit. . . Majesteit, wat makeer. . . ? |
| KEISER | : | (*vrolik*): En ons Keiserin het al klaar haar kroon op. . . (*Hy kyk goedkeurend na die soldaat wat die Maarskalk se kop vashou.*) En ons Veldmaarskalk. . . (*Hy loop na die twee koppe toe.*) Ek sê, Kultuur – ons Veldmaarskalk dra ook maar swaar aan al die medaljes, hè! Of hoe sê ek, Maarskalk? (*Hy klap die Maarskalk-soldaat op die skouer en lag.*) Maar, nou ja – dis na alles ons dag van glorie. . . Kamerheer! |
| KAMERHEER | : | (*kom nader*): U Majesteit? |
| KEISER | : | My baadjie. |

KAMERHEER : (*verward*): U Majesteit. . . ?

HOFNAR : My Kroon se baadjie!

KAMERHEER : (*fluister vir die Nar*): Sy Majesteit het kláár sy baadjie aan.

HOFNAR : (*fluister*): Maak nie saak nie. Bring nog een. (*Die Kamerheer gaan haal 'n tweede baadjie van die hanger af.*)

KEISERIN : (*huil*): Majesteit. . .

KEISER : Jy lyk pragtig, my Keiserin. Of hoe sê ek, Kultuur? Ons Keiserin is pragtig hè! (*Hy streel haar oor die wang.*) Bring, Kamerheer, bring!

KAMERHEER : Hier is dit, U Majesteit.

KEISER : Trek aan.

HOFNAR : (*sag, dringend aan die Keiserin terwyl die Keiser se onsigbare baadjie vir hom aangetrek word*): Ons Kroon droom, my Kleinkroon. Ons moet hom nie wakker maak nie.

KAMERHEER : Klaar, U Majesteit.

KEISERIN : U lyk pragtig, My Majesteit.

KEISER : (*loop na 'n spieël en kyk na homself*): Glad nie sleg nie. Om die waarheid te sê – dit lyk góéd. Die Heilige Keiser. ( *Aan die Wewer.*) Ek moet julle gelukwens, Jongman. Só iets het die wêreld nog nie gesien nie.

5.1 Wat het vooraf met die Keiser gebeur dat hy nou so snaaks optree? (1)

5.2 Wat is die funksie van die gekursiveerde gedeeltes tussen hakies soos in r. 3? (1)

5.3 Kyk na die Keiser se woorde in r. 5-6.

5.3.1 Verduidelik hoe die Keiser se woorde hier heeltemal verskil van sy houding vroeër in die drama. (2)

5.3.2 Waarom behoort die Nar eintlik bly te wees oor hierdie houding van die Keiser? (1)

5.4 Watter TWEE leestekens ondersteun die gedagte in r. 7 dat Hofnar nié die Keiser se huidige houding begryp nie? (2)

5.5 As jý Diplomaat was, sou jy óók so geskok gewees het (r. 10)? Motiveer jou antwoord. (2)

5.6 Hoe kan ons uit r. 12-18 bewys dat die Keiser hier werklik van sy kop af geraak het? (2)

5.7 Die leuen speel 'n uiters belangrike rol in hierdie drama. Kyk na r. 22-24 in hierdie verband.

5.7.1 Wie van Hofnar en Kamerheer is hier besig met 'n leuen? (1)

5.7.2 Motiveer jou antwoord by Vraag 5.7.1. (2)

5.8 Waarom huil die Keiserin in r. 26? (1)

5.9 Die Keiser tree in r. 27-28 baie anders op teenoor die Keiserin as vroeër. Hoe verskil hierdie optrede van sy vroeëre houding? (2)

5.10 Kyk na die Nar se optrede in r. 32-34.

5.10.1 Watter houding openbaar hy teenoor die Keiserin as hy haar aanspreek as **my Kleinkroon**? (1)

5.10.2 Voorheen het die Keiser ook gedroom, maar sy drome was meer ontstellend. Wat het hy tóé gedroom volgens sy vertellings later aan die Nar? (2)

5.10.3 Hoe dra die raad van die Nar uiteindelik by tot die oplossing van die probleem in die drama? (2)

5.11 Die Keiser kyk in r. 37 na 'n spieël en is bewonderend, al hét hy net 'n onderbroek aan. Dink jy hy sien nóú die klere wat die Wewer gemaak het? Motiveer. (2)

5.12 Sou jy ook die Wewer aan die einde so vriendelik soos die Keiser aangespreek het (r. 39-40) as jý die Keiser was? Motiveer jou antwoord. (1)
**[25]**

**OF**

## VRAAG 6

6.1 Die probleme in die Keiser se land kan grootliks toegskryf word aan die onbetroubaarheid van sy drie ministers: Kultuur, Maarskalk en Diplomaat. Bespreek hierdie stelling in 180-200 woorde en gee spesifiek aandag aan:

- Die name en take wat elkeen van hierdie ministers in Ekwator het.
- Die wyse waarop elkeen sy taak verwaarloos.
- Die uiteinde van die drie ministers. (15)

6.2 Daar is hoofsaaklik een groep mense wat die Keiser deurentyd om die bos probeer lei om so sy regering tot 'n val te bring. Bespreek die rol van hierdie groep met besondere aandag aan:

- Die Wewer se geslepe plan en optrede.
- Tiengelieng se rol in hierdie bedrogspul.
- Die uiteinde van hulle plan. (10)

**[25]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [25]**

# AFDELING C
## ROMAN

- Beantwoord EEN vraag in hierdie Afdeling.
- Indien jy in Afdeling B reeds die kontekstuele vrae (Vraag 5) beantwoord het, **moet** jy hier die langer tipe opdrag doen, of andersom. Indien jy nié hierdie vereiste nakom nie, sal jy géén punt vir Afdeling C verdien nie!
- Dit is verder ook belangrik om in hierdie afdeling by die vraag wat jy kies, slegs dié gedeelte te beantwoord wat van toepassing is op die betrokke roman wat jy behandel het.

  ***KRINGE IN 'N BOS*** *(Dalene Matthee)*
  ***FIELA SE KIND*** *(Dalene Matthee)*
  ***BY FAKKELLIG*** *(Karel Schoeman)*
  ***TOORBERG*** *(Etienne van Heerden)*

- Hierdie afdeling tel 25 punte.

## KONTEKSTUELE VRAE

Beantwoord hier Vraag 7 **óf** Vraag 8 **óf** Vraag 9 **óf** Vraag 10, afhangende van die roman wat jy behandel het.

## VRAAG 7
***KRINGE IN 'N BOS*** – Dalene Matthee

"Pa, ek weet nie waarvan Jozef praat nie, ek weet nie waarvoor ek beskuldig word nie!"

"Jy lieg!"skree Jozef hom stil. "Wie anders kon hom gesê het?"

"Ek weet nie. Ek weet net dis nie ek nie."

"Ontsien die dag, kinders!"

Maar Jozef het voor hom kom staan en hom uitgedaag. "Hoekom is net Pa en oom Gert en oom Willem van hierdie kant af hof toe gesleep? Hoekom nie van die ander ook nie? Ek sal jou sê hoekom nie, omdat hulle by Smith hout en tande lewer en nie by MacDonald nie!"

"Wat sal dit help?" het sy pa moedeloos gevra. "Die os is af, stry sal hom nie weer inspan nie."

Saul het opgestaan en die stoel agtertoe gestamp. "Ek laat my nie langer beskuldig van dinge waarvan ek niks weet nie! Ek sit nie langer onder hierdie dak nie!" En sy lyf het van woede gebewe.

“Dis donker,”het sy pa gekeer. “Die grootvoete sal jou trap.”

“Ek sal in die Bos slaap tot ligdag toe!”

“Dan kan jy maar net sowel hier ook lê.”

“Nee Pa. . . ”

“Laat hom loop, Pa!” het Jozef geskree en die katel geskop.

“Laat hom hel toe loop!”

Hy het die nag vlak by Groot Eiland in die Bos geslaap. Wakker gesit. Dit was ’n deurmekaar nag van opstand en veronregting, van moedeloosheid en selfbejammering. Van die dag dat hy dit gewaag het om die bloubokkie se kop oop te kap, was hy as oproerling in hierdie bos gebrandmerk. Toe hy die dag weier om byl te lig teen die kalander, wat hy waaragtig geglo het nié gekap moes word nie, het hulle die tweede merk op hom gesit: opstandeling. En toe hy die dag opstaan en sê hy loop nie langer in ’n pad langs wat nêrens uitkom nie, was die derde merk in hom in gebrand: weggejaagde. Nou het hulle hom verraaier gemaak. Nee, o magtig, die lewe maak nie reg nie. Kyk hy agtertoe, is hy vas. Kyk hy vorentoe, is hy vas. Op die dorp het hulle hom sommer oor die voorkop gebrandmerk: hy kom uit die Bos, hy’s *wild*, hy’s onnosel. Daar sal later nie meer plek op sy lyf oor wees om gebrand te word nie.

Laataand, die volgende dag, was hy terug by die skuur en het hy met sy hele wese gewens dat Kate onderdeur die draad moes kom kruip. Hulle hoef nie eens te praat nie, sy moes sommer net daar by hom kom sit.

7.1 Waarvan beskuldig Jozef vir Saul in r. 2? (2)

7.2 Lees weer r. 6.

7.2.1 Na watter dag word hier verwys? (1)

7.2.2 Watter besondere karaktertrek van Joram Barnard kom hier na vore? (1)

7.2.3 Hoe sluit Joram Barnard se gedrag Sondae hierby aan? (2)

7.3 Dink jy Saul se woede in r. 14-17 is geregverdig? Motiveer. (2)

7.4 Skryf ’n woord uit r. 5-17 neer wat Joram Barnard se gemoedstoestand beskryf. (1)

7.5 Word **gebrand** (r. 33) letterlik of figuurlik gebruik? Motiveer. (2)

7.6 By ’n vorige geleentheid het Saul ook geweier om sy pa se bevel uit te voer soos hier in r. 21. Verduidelik die omstandighede toe. (2)

7.7 Watter gevoel word weergegee met die uitroepteken in r. 22? (1)

7.8 Wat het Saul bedoel toe hy vir sy pa sê dat hy nie langer in ’n pad loop wat nêrens uitkom (r. 32) nie? (2)

7.9 Wat is die funksie van die kursiefgedrukte ***wild*** in r. 37? (1)

7.10 Haal 'n uitdrukking in r. 14-21 aan wat 'n tipiese voorbeeld is van die taalgebruik van die Bosmense. (1)

7.11 Dink jy Saul het goeie rede gehad om te wens dat Kate moes opdaag (r. 39-41)? Motiveer. (2)

7.12 Skryf 'n sin uit r. 28-35 neer wat Saul se gevoel van verontregting aandui. (1)

7.13 Het Saul rede gehad om homself te bejammer (r. 26)? Motiveer. (2)

7.14 Dink jy Jozef se woede is geregverdig? Motiveer. (2)

**[25]**

**OF**

## VRAAG 8
## *FIELA SE KIND* – Dalene Matthee

Bestudeer die volgende teks uit die roman en beantwoord die vrae:

> Benjamin het geweet hy is sy ma-hulle se hanskind. Hy was dit van altyd af en dit was niks; hy was maar nes Dawid en Tollie en Kittie en Emma in die huis. Hy was net die jongste.
>
> Hulle het in die Lange Kloof gewoon en die Lange Kloof was 'n kloof wat honderd myl ver al tussen die berge af gelê het. Wolwekraal was sonsak-kant van die Kloof en sy ma het altyd gesê dis die mooiste kant van die Kloof. Net jammer die ou klomp Laghaans het ook daardie kant gewoon.

8.1 In r. 2 word gesê Benjamin is maar nes die ander kinders. Daar lê iewers egter 'n baie groot verskil tussen hulle. Waarin lê die verskil opgesluit? (1)

8.2 Waarom het Fiela rede om die klomp Laghaans te haat? (2)

> "Sweer jy sal my môre neem."
>
> "Sweer jy sal my die vyf sjielings gee."
>
> "Ek sweer."
>
> "As jy lieg, wys ek jou die verkeerde pad en kan die grootvoete jou maar trap."
>
> "Sweer jy sal my wys."
>
> "Ek sweer. Hoe ek op die dorp gaat kom om die fluitjie te koop, weet ek nie, maar ek sweer."

8.3 Waarheen moet Nina vir Lukas neem en waarom? (2)

8.4 Wat sal Nina in ruil vir haar diens graag ontvang en wat wil sy daarmee gaan doen? (2)

"Ek kan nie so lekker dink as ek bang is nie, baas." Die woorde het vanself gekom. En die magistraat se wange het weer in en uitbeweeg nes 'n toktokkie se boeprug as jy hom so 'n bietjie ingedruk het. Hy kon nie verstaan wat die magistraat wou hê hy moes onthou nie; hy was ook nie meer lus om daar te staan nie, hy wou huis toe gaan. Miskien was die magistraat vies omdat hy vergeet het om "weledele heer" te sê.

"Jy hoef niks bang te wees nie, seun, ek wou maar net seker maak of jy enigiets kan onthou. Dit maak nie saak as jy niks kan onthou nie. Kom staan nou vir my nog 'n klein entjie vorentoe en dan bly staan jy net so doodstil."

Die konstabel het die deur oopgemaak en iets in die gang af gesê. Die magistraat het op die preekstoel gaan sit en sy hande voor hom gevou. Toe kom vier seunskinders by die deur in en hulle stamp aan mekaar en lag en kom weerskante van hom staan. Almal het skoene aangehad en hulle was net so groot soos hy. Hy het skielik gewens sy hemp se moue was nie so lank nie en het nie so oor sy hande gehang nie; hulle kon dalk dink hy het nie hande nie. En hy kon nie verstaan wat aan die gang is nie. Sy ma het gesê die bosvrou sou na hom kom kyk en hy moes stilstaan sodat sy kan kyk en klaarkry en hy weer kan huis toe kom. Niemand het iets gesê van 'n klomp ander kinders nie.

"Stilte asseblief!" sê die magistraat met hulle geraas. "Julle weet waarom julle hier is en ek dink nie dis vir my nodig om weer vir julle te sê dat dit 'n ernstige saak is nie. Julle sal julle gedra en stilstaan totdat ek julle verdaag."

Die magistraat het iets vir die konstabel beduie en dié het weer by die deur uitgeloop. Onder in die gang het 'n deur oopgegaan, voete het stadig in die gang afgekom en toe het 'n snaakse vrou met die konstabel saam teruggekom.

8.5 Waarom is dit ironies dat Benjamin die magistraat ***baas*** noem? (1)

8.6 In r. 16-17 is daar 'n voorbeeld van 'n vergelyking. Dui aan watter TWEE sake met mekaar vergelyk word. (2)

8.7 Benjamin verskil in meer as een opsig van die ander vier seuns. Noem TWEE verskille tussen hom en hulle. (2)

8.8 Na wie verwys die **dié** (r. 34)? (1)

"Ek is haar hanskind. Die Here het my aan my ma toebetrou." Hy was skielik net so bang soos die dag toe sy skuit te diep in die vangdam ingedryf het en hy hom wou uithaal en daar net water bo sy kop en onder sy voete was. Elke keer as sy kop uitkom, het die water hom weer afgetrek, maar toe was Tollie by hom en Tollie het hom gehelp tot waar sy voete weer kon grond raak. "Ek is Fiela Komoetie se kind, weledele heer."

"Ek sweer baas. Die bosvrou lieg as sy sê ek is haar kind."

Die magistraat het van die preekstoel afgeklim en reg voor hom kom staan. "Jy is nie Fiela Komoetie se kind nie. Ek dink jy is groot genoeg om dit self te besef en daarom wil ek nie hê dat jy onnodig moeilik moet wees nie. Hiervandaan gaan jy saam met jou ouers huis toe en ek sal gereeld laat verneem hoe dit met jou gaan. Eendag, wanneer jy groot is, sal jy my kom opsoek om my te bedank vir hierdie dag."

"Ek is Fiela Komoetie se kind, baas, ons is nie kaalgatte nie, baas, ek sweer. Ek het vyf sjielings om dit te wys." Hy het alles verkeerd gesê omdat hy so vinnig moes praat, want die magistraat was op pad deur toe. "Baas, asseblief."

"Ek wil nooit weer hoor dat jy daardie woord *baas* gebruik nie! Jy is 'n wit kind en jy sal leer om soos 'n wit kind te praat."

8.9 Wat is die verskil tussen Benjamin se huidige dilemma en sy destydse probleem toe sy skuit te diep in die vangdam ingedryf het? (2)

8.10 Waar was Selling destyds toe Benjamin by Fiela as driejarige aangekom het? (1)

8.11 Noem TWEE tegnieke wat die skrywer in r. 51 gebruik om **baas** te beklemtoon. (2)

8.12 Watter uiterlike daad (handeling) van die magistraat in r. 43 beklemtoon sy erns? (1)

> Op die ou end was daar net een plek waar Elias van Rooyen sy toorn tot bedaring kon bring voor sy lyf tot niet was van die opkrop, en dit was op die steier waar hy die byl in die balke in kon moker. Eers het hy dae lank sy lot tussen die afdak en die huis en die steier loop en binnetoe beskreeu, tot Barta kom sê het van Saag Barkhuisen wat die slag rolberoerte gekry het van woede omdat die houtkoper op die dorp hom net 'n tiekie se koffie en 'n tiekie se bruinsuiker vir 'n vol vrag geelhout gegee het.
>
> Hy het geskrik. Barta had reg: as kwaad binnetoe slaan, kan dit 'n man klaarmaak. Die beste is om dit uit jou uit te kry.
>
> "Kristoffel, jy byl nie nou in vir omkap nie! Jy maak balk!" Hy was verplig om Kristoffel uit Soois se span te vat en op die ander steier te sit tot tyd en wyl. Nie dat tyd en wyl meer lank sou wees nie. Elias van Rooyen had 'n plan. Wag maar.

8.13 Waarom skrik Elias (r. 59) hier? (1)

8.14 Waarom moet Kristoffel nou weer vir Elias (r. 61) help? (1)

8.15 Het jy simpatie met Elias in sy benarde situasie? Motiveer jou antwoord. (2)

8.16 Op watter wyse het Elias sy innerlike woede laat uitwoed volgens r. 53-55? (1)

8.17 Om watter rede is Elias kwaad? (1)
**[25]**

**OF**

## VRAAG 9
## *BY FAKKELLIG* – Karel Schoeman

Bestudeer die volgende teks uit die roman en beantwoord die vrae:

> Alice geniet die eerbied en dankbetuigings en vra niks meer nie, en waar hy byna vyandig op 'n afstand bly staan en toekyk, voel hy skaam omdat hy haar só deur hierdie mense laat bedrieg. Hulle is soos wilde diere, iets ongetems in hulle oë en gebare soos jong herte kom hulle om aan 'n mens se vingers te lek, maar altyd waaksaam, altyd skrikkerig, om met die geringste beweging om te spring en weg te vlug, verlore in die hoogtes. Wat is hulle ook meer as diere, hierdie kaalvoetboere wat op die vloer slaap in vensterlose huise? Met Alice helder tussen hulle in, Alice wat vir hulle glimlag en sku kindertjies oor die hoof stryk.
>
> "Ek weet nie wat soek jy by dié mense nie,"sê hy nors toe hulle weer huis toe gaan deur die sonnige oggend.
>
> "Ek wil hulle help – dis ons plig.

"Hulle huur ons grond: dis 'n besigheidstransaksie soos die predikant gesê het. Ons het geen verpligting teenoor hulle nie."

"Ons hét, David. Jy het nog grootgeword met al die ou opvattings en vooroordele, maar ék is opgevoed in die nuwe gees. . ." Sy praat geesdriftig, vurig soos altyd wanneer sy teenkanting ondervind.

"Vryheid, gelykheid en broederskap?" Hy lag. "Moenie dat die bure jou so hoor praat nie! Ouma sal snags nooit slaap as sy weet dat jy sulke rewolusionêre neigings koester nie."

"Jy kan maar lag en lag en spot, jy en Arthur,"sê sy gelate. "Ek sal nie dat julle my van koers af bring nie." En sy keer terug na die hemde, waarvan die uitgesnyde stukke stoele en tafels bedek in haar stikamertjie.

9.1 Skryf 'n frase uit r. 1-6 neer wat dui op David se onbetrokke houding. (1)

9.2 David vergelyk die boerevolk met wilde diere in r. 4 en 7. Wat is sy rede hiervoor? (1)

9.3 Watter houding openbaar David teenoor die boerevolk as hy praat van **dié mense** in r. 1? (1)

9.4 Skryf 'n sin uit r. 16-26 neer wat dui op Alice se vasberadenheid. (1)

9.5 Alice simpatiseer met die boerevolk in r. 9-10. Deel jy haar simpatie? Motiveer. (2)

9.6 Daar is 'n duidelike kontras in die houding van David en dié van Alice in r. 13-15. Waarin is die kontras geleë? (2)

"Nog 'n uitstappie in die nuwe en vreemde wêreld? " vra Liam terwyl hulle twee saam verder loop. "Jou opvoeding vorder – jy dek met die dag 'n wyer veld."

"Ek het daarvan gehou," sê David asof hy homself verdedig, "die aand by Séamas."

"Ten spyte van wat al jou vriende en kennisse sou sê as hulle moes weet in watter geselskap jy gedans het?"

"Ek gee nie om wat húlle sê nie."

"Werklik nie? Sou jy altyd en in alles jou eie sin so volg?"

"Seker. Ek het dit nog altyd maar gedoen."

Liam lag. "Is jy nooit verbaas oor jouself nie?"

David lag ook. "Ja, soms is ek, veral vandat ek jóú leer ken het, en myself in allerhande onverwagte dinge bevind."

"Het jy jou dan so volslae aan my leiding oorgegee?

"Miskien nie doelbewus nie,"sê David, "maar tog het dit so gebeur."

"Klei in my hande, om te vorm soos ek wil?"

"Wat wil jy dan van my maak? 'n Rewolusionêr, soos Séamas wil; 'n opruier?"

"Wil ek enigiets van jou maak? Dis hý wat die begeerte het om jou te probeer bekeer, sommer net uit beduiweldheid eerder as iets anders. Ek het geen besondere behoefte om so iets te doen nie."

"Waarom lei jy my dan in al hierdie dinge in?"

Liam swyg 'n oomblik voordat hy antwoord. "Vriendskap miskien. Hierdie wêreld, hierdie lewe waar ek jou inlei, is al wat ek het om jou te gee, die enigste geskenk wat ek jou kan bied."

9.7 As jy die TWEE uittreksels hierbo vergelyk, het David enige verandering en groei ondergaan? Motiveer. (2)

9.8 Word **veld** in r. 28 letterlik of figuurlik bedoel? Motiveer. (2)

9.9 Watter karaktereienskap van David word geïllustreer deur sy woorde in r. 33? (1)

9.10 Waarom kan die frase: **al jou vriende. . .** in r. 31 as ironies beskou word? (1)

9.11 Vroeër in die verhaal het David ook gelag en gedans by 'n dansparty. Waar het hierdie dansparty plaasgevind? (1)

9.12 Het jy ook met die lees van die roman onder die indruk verkeer dat daar 'n liefdesverhouding tussen David en Alice ontwikkel? Motiveer. (2)

9.13 Skryf 'n frase van drie woorde uit r. 26-31 neer wat daarop dui dat David se gevoel van uitgestotenheid vergete was. (1)

9.14 In r. 45-48 is daar 'n kontras in die voorneme van Séamas Bán en Liam. Waarin is die kontras geleë? (2)

9.15 Waarom dink jy swyg Liam voor hy antwoord in r. 49? (1)

9.16 Is die wêreld waarna verwys word in r. 1 dieselfde wêreld wat ter sprake is in r. 50? Motiveer. (2)

9.17 Waarom heg Liam soveel waarde aan sy vriendskap met David (r. 49-51)? (2)
**[25]**

**OF**

## VRAAG 10
## *TOORBERG* – Etienne van Heerden

Bestudeer die volgende teksgedeeltes uit die roman en beantwoord die vrae:

Amy is bly dat dit genadiglik die einde van die maand is. Soos haar gewoonte is, het sy die kinders afgegee sodat hulle vir hul ouers winkels toe kan stap. Voetpad se Algemene Handelaar lê ver. Ook moet baie kinders hul oumas en oupas se pensioengeld kom haal by die Halte. Sy het destyds al, toe sy ná Koevert se geboorte die skooltjie begin het, vir Posmeester Moolman gesê dat dit tog nie help om elke einde van die maand voor 'n leë klas te staan nie. Die hele buurt se kinders is met 'n sjieling of sikspens in die hand iewers op 'n voetpaadjie.

Sy trek die gordyne van die eetkamer oop en kyk op na Toorberg. Vanoggend, sien sy, is die kop toe van die mis.

"Dalk kom daar reën," sê sy vir Posmeester Moolman toe hy uit die slaapkamer kom en aan tafel gaan sit. Sy skink vir hom koffie. Hy sit met die dag se busrooster voor hom. Hy lyk moeg, die hand wat die bladsye omblaai, bewe liggies.

10.1 Wie is Amy se man? (1)

10.2 Watter beroep beoefen sy? (1)

10.3 Waarom is Koevert Moolman (r. 4) se naam so beskrywend? (1)

10.4 Wat doen Koevert in die stilligheid agter Posmeester en Abel se rûe? (1)

10.5 Waarom bewe Posmeester se hand al reeds vroeg in die oggend (r.12)? (2)

10.6 Wat is tans die grootste natuurramp op Toorberg? (1)

Toe die boormasjien stil geraak het en elkeen net sy eie asemhaling in die bedompige stilte van die populierbos kon hoor, het StamAbel Moolman en Ouma Magtilt deur die stamme aangekom. Ella het 'n oomblik opgekyk waar sy by die dieselkonkas gesit het, DwarsAbel het 'n ligte windjie teen die wang gevoel en Kaatjie Danster het haar 'n sekonde verbeel dat 'n skaduwee oor die bos beweeg het.

StamAbel het gekom tot by die gat waar die kind wriemel in die skemerte, tot by die oop aarde van Toorberg, die syferwater en die haarwortels van die populiere wat soos oumansbaarde teen die wande van die boorgat afgehang het. Vir hom as man van die daad, uit wie die drif selfs in die dood nie gewyk het nie, was dit nie maklike oomblikke nie, want hy't gebars om die hel uit die dooie spul om die gat los te skree.

10.7 Waarna verwys **die dooie spul om die gat** (r. 22)? (1)

10.8 Bewys die volgende waar: StamAbel **As man van die daad, uit wie die drif slegs in die dood nie gewyk het nie** (r. 20-21). (2)

10.9 In r. 18-22 is daar 'n treffende vergelyking. Watter TWEE sake word met mekaar vergelyk? (2)

Van toe af het die mense gesê hy's 'n kind van die weemoed self. Kêns Tillie sou nooit van haar kind 'n Moolman kon maak nie – daarvoor was sy self te deurmekaar en haar houman se bloed te bedenklik. Die Du Pisani's van die Knersvlakte het maar altyd met hul wilgerlote gesmous waar daar nood was en het self nooit wortel geskiet nie. Hulle was swerwers en Abel sou Toorberg nooit oorgee aan 'n kind met swerfbloed nie; 'n kind wat altyd sal wonder hoe dit lyk anderkant die horison as jy by Toorberg se baken staan en jy kyk oor die Kamdeboo na waar die aarde hoepel trek in die skimmel verte. Moolmans moes wortel skiet en selfs ná die dood mog hulle nie reis nie. Toorberg was hulle s'n en hulle was Toorberg s'n.

Terwyl Kaatjie dié gedagte gedink het, het Druppeltjie skielik die veld ingedwaal en sy het hom nooit weer gesien nie. Sy't haastig aangestap, want die rooidag het reeds aangebreek. Toe sy later by die Halte kom, het sy vir Koevert Moolman gesê: "Ek het die dooie Druppeltjie du Pisani in die pad gekry."

Koevert het haar net vinnig aangekyk. "Die pad raak te lank vir jou, tant Kaatjie Danster," het hy gesê. "Jy moet daardie ingat Shala-seun van jou stuur. Hoekom laat jou mense jou so swaar kry?"

Eers het sy nie geantwoord nie, maar sy hande dopgehou waar hulle posstukke sorteer op die tafel met die inkmerke.

"En daardie Oneday-kind van jou, tant Kaatjie Danster. Die hele wêreld weet van sý soort kerkery in die lokasies. Die polieste gaan hom nog optel."

10.10 Wat was die doel van Kaatjie Danster se tog Halte toe? (1)

b.o.

10.11 Het sy in haar doel geslaag? Sê net ja of nee. (1)

10.12 Wat is Tillie se houman se naam en van? (1)

10.13 Wie was die huidige wettige erfgenaam van Toorberg? (1)

10.14 In hierdie verhaal is daar veral twee families wat teenoor mekaar staan. Watter twee families is dit? (2)

10.15 Met watter familie (wat jy in Vraag 10.14 genoem het) identifiseer jy die graagste? Gee 'n gemotiveerde rede vir jou antwoord. (2)

10.16 Het jy met Kaatjie Danster volgens hierdie stuk enige simpatie? Motiveer jou standpunt. (2)

10.17 Druppeltjie du Pisani se dood is 'n raaisel. Watter ander karakter se dood is ook 'n raaisel? (1)

10.18 Moolmans moet **wortel skiet** (r. 29-30). Het die Du Pisani's wortel geskiet? (1)

10.19 Motiveer jou antwoord in Vraag 10.18 en gebruik r. 27 as leidraad. (1)
**[25]**

**OF**

**PARAGRAAFTIPE VRAE**

Beantwoord hier Vraag 11 **óf** 12 **óf** 13 **óf** 14, afhangende van die voorgeskrewe roman wat jy behandel het. Beplan jou antwoord en hou by die voorgeskrewe lengte.

**VRAAG 11**
***KRINGE IN 'N BOS*** – Dalene Matthee

11.1 Saul en Jozef Barnard is broers; hul verskil egter in soveel opsigte van mekaar dat daar konflik tussen hulle ontstaan, wat uiteindelik tot 'n breuk in hulle verhouding lei. Bespreek hul brose verhouding in 180-200 woorde deur aandag te gee aan die volgende aspekte:

- Hulle kinderjare en die breuk in hulle verhouding
- In watter opsigte hulle verskil en hulle botsende belange
- Omstandighede wat aanleiding kan gee tot hulle versoening
- Jou eie mening of die verhouding tussen die broers kan slaag (15)

11.2 Terwyl Saul Oupoot se spoor volg, herleef hy sy lewe van nege-en-twintig jaar deur middel van herinneringe en terugflitse. Bespreek van hierdie terugflitse in 120-150 woorde deur te verwys na die volgende aspekte:

- Sy opstand teen tradisie
- Sy opstand teen die uitroei van die Bos
- Sy bewuswording van die teenstelling tussen Bos- en dorpsmense
- Jou eie mening waarom Saul aan die einde nie die Bos verlaat nie (10)

**[25]**

**OF**

## VRAAG 12
***FIELA SE KIND*** – Dalene Matthee

12.1 Wanneer 'n mens Fiela Komoetie vergelyk met Elias van Rooyen, word dit duidelik dat Fiela 'n sukses van haar lewe en boerdery maak, maar Elias misluk. Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 200-250 woorde en maak van die volgende raamwerk gebruik:

- Fiela se geaardheid, haar ideale en haar boerdery
- Elias se geaardheid, sy "ambag" en sy ideale
- Fiela boer vooruit en Elias misluk (20)

12.2 Die leser kom agter dat Fiela iets teen die Laghaans hou. Iewers in die verhaal maak sy wel vrede met hulle. Sê in 80 – 100 woorde wat Fiela teen die Laghaans het en hoe sy met hulle vrede gemaak het. (5)

**[25]**

**OF**

## VRAAG 13
***BY FAKKELLIG*** –Karel Schoeman

13.1 In hierdie verhaal word daar opvallend klem gelê op David se voortdurende eensaamheid. Bespreek in 180-200 woorde hoe hierdie eensaamheid gestalte kry deur te verwys na die volgende aspekte:

- Lady Hariet en sir Arthur se houding en optrede
- David by gesprekke en planne uitgesluit by Ard na Croise
- Alice se besoek in die tronksel
- Jou eie mening waarom daar soveel klem gelê word op David se eensaamheid (15)

13.2 Suid-Afrika vier elke jaar op 21 Maart Menseregtedag. In dié roman vorm die erkenning van menseregte asook die onderdrukking daarvan deur die grondeienaars 'n sentrale tema. Bespreek hierdie stelling in 120-150 woorde deur te verwys na die volgende aspekte:

- Die regte en voorregte waarvoor die Ierse boerevolk veg
- Dominee Burnwood en regter Greenwood se aandeel in die onderdrukking van hierdie regte en voorregte
- Jou eie mening of die stryd om die erkenning van menseregte universeel is (10)

**[25]**

**OF**

## VRAAG 14

***TOORBERG*** – Etienne van Heerden

14.1 Dit is baie tragies dat die Moolmanfamilie al hoe swakker geword het. Op die oomblik is daar slegs een wettige erfgenaam van die plaas. Skryf 'n opstel van 200-250 woorde en maak van die volgende hoofpunte gebruik.

- Verduidelik eerstens waarom die Moolmans oor geslagte heen so verswak het.
- Wie is Toorberg se enigste erfgenaam? Vertel meer van sy uiterlike, en innerlike (dus 'n karaktersketс).
- Watter karakter uit die Skaamfamilie sou 'n waardige opvolger vir Abel Moolman wees? Motiveer jou antwoord. (20)

14.2 Sê kortliks in 80-100 woorde waar Toorberg sy naam gekry het. (5)
**[25]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [25]**

**TOTAAL: 75**

**EINDE**